

### Kitsinligting: NWU Meesters- en Doktorale Beursskema 2023

Webadres vir aansoekvorms: <http://studies.nwu.ac.za/af/studies/beurse-en-lenings>

Die doel van die NWU Nagraadse Beursskema is om finansiële ondersteuning te bied aan nagraadse studente en om erkenning te verleen aan studente wat op akademiese gebied presteer. Die NWU Nagraadse Beursskema is in lyn met die strategiese doelwitte van die Universiteit soos in die Institusionele Plan uiteengesit.

**NB: Slegs elektroniese aanlyn aansoeke**

### A: NWU Meestersbeurs – Sluitingsdatum: 31 Maart 2023

#### Voorwaardes van die beurs:

1. Die beurs is beskikbaar aan studente wat vir 'n volle voorgeskrewe Meesters graad registreer. Aansoek om die beurs word jaarliks op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen voor of op 31 Maart 2023.
2. **Studente vanaf ander universiteite moet 'n akademiese rekord aanheg** van die voorafgaande kwalifiserende graad. Hierdie rekords word in ag geneem met berekening van die gemiddeld. Sertifikate alleenlik is nie geldig nie.
3. Aansoekers moet 'n **minimum gemiddeld van 60%** in die finale jaar modules van die voorafgaande kwalifiserende Honneurs graad of nagraadse kursus behaal het. Studente wat 'n vier-jaar B-graad in BCur, BIng, BPharm, BMus en BSc in Stads- en Streekbeplanning verwerf het, kwalifiseer ook. Akademiese rekords van die voorafgaande kwalifiserende graad moet aangeheg word.
4. **Deeltyds geregistreeerde en werkende studente kan vir 'n 50% toekenning** van die beurs aansoek doen. Werkende studente word omskryf as studente wat vir 'n werkgewer werk, 'n salaris verdien en waarvan werk die hoofaktiwiteit is. Studente wat as 'n geleentheid student registreer, kwalifiseer nie.
5. R28,800 per jaar word toegeken vir voltydse studente. Die totale beurswaarde oor twee jaar beloop R57,600.
6. **Studente vanaf die tweede jaar van die graad**, moet aansoek doen vir 'n **Meesters Vorderingsbeurs**:
  - 6.1 Vir die Vorderingsbeurs moet die **voorgeskrewe Vorderingsverslag**, ingevul deur die Studieleier, aan die beursaansoek geheg word. Hierdie verslag dien as aanbeveling van akademiese vordering. Indien die student nie voorheen 'n Meesters Beurs ontvang het nie, moet die student die akademiese rekord van die voorafgaande kwalifiserende graad ook aanheg sodat die minimum gemiddeld van 60% bevestig kan word.
7. Meesters studente mag beurse uit meer as een bron ontvang. Daar is geen perk op die hoeveelheid Meesters beurse wat studente kan ontvang nie. Studente wat beurse ontvang van Statutêre Rade, bv. "National Research Foundation (NRF)", SETA en ander buite instansies mag aansoek doen vir 'n aanvullende Meesters beurs tot en met die maksimum bedrag van **R261,900 per jaar**. Die Universiteit behou die reg voor om die Meesters Beurs te kanselleer of aan te pas indien die perk van **R261,900** oorskry word.
8. Beurshouers moet die Meesters graad binne 'n **grasietydperk van drie (3) jaar voltooi**.
9. Die beurs bedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die voorwaardes nie nakom nie:
  - 9.1 Studies staak of,
  - 9.2 Nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie.
10. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
11. Laat aansoeke sal slegs aanvaar word met skriftelike toestemming van die Studieleier. Dien aansoekvorms so vroeg moontlik in vir tydige verwerking.
12. Onvolledige aansoekvorms is ongeldig en kwalifiseer nie.

## B: NWU Doktorale beurs – Sluitingsdatum: 31 Maart 2023

### Voorwaardes van die beurs:

1. Die beurs is slegs beskikbaar aan studente wat vir 'n volle voorgeskrewe Doktorale graad registreer. Aansoek om die beurs word jaarliks op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen voor of op 31 Maart 2023.
2. **Studente vanaf ander universiteite moet 'n akademiese rekord aanheg** van die voorafgaande kwalifiserende graad. Sertifikate alleenlik is nie aanvaarbaar nie.
3. Om te kwalifiseer, moet aansoekers 'n **minimum gemiddeld van 60%** in die finale jaar modules van die voorafgaande kwalifiserende Meesters graad behaal het.
4. **Deelyds geregistreerde- en werkende studente kan vir 'n 50% toekenning** van die beurs aansoek doen. Werkende studente word omskryf as studente wat vir 'n werkgewer werk, 'n salaris verdien en waarvan werk die hoofaktiwiteit is. Studente wat as 'n geleentheid student registreer, kwalifiseer nie.
5. **R31,000 per jaar** word toegeken vir voltydse studente. Die totale beurswaarde oor twee jaar beloop R93 000.
6. **Studente vanaf die tweede jaar van die graad** moet aansoek doen vir 'n **Doktorale Vorderingsbeurs**:
  - 6.1 Vir die Vorderingsbeurs moet die **voorgeskrewe Vorderingsverslag beskikbaar op die beursaansoek**, ingevul deur die Studieleier, aan die beursaansoek geheg word. Hierdie verslag dien as aanbeveling van akademiese vordering. Indien die student nie voorheen 'n Doktorale beurs ontvang het nie, moet die student die akademiese rekord van die voorafgaande kwalifiserende graad ook aanheg sodat die minimum gemiddeld van 60% bevestig kan word.
7. Doktorale graad studente mag beurse uit meer as een bron ontvang. Daar is geen beperking op die aantal Doktorale beurse nie. Studente wat beurse ontvang van Statutêre Rade, bv. die "**National Research Foundation (NRF)**", **SETA** en ander buite instansies mag aansoek doen vir aanvullende Doktorale beurse tot en met die maksimum bedrag van **R327 400**. Die Universiteit behou die reg voor om die Doktoale beurs te kanselleer of aan te pas indien die perk van **R327,400** oorskry word.
8. Beurshouers moet die Doktoral graad in 'n **minimum tydperk van (5) jaar voltooi**.
9. Die beurs bedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die voorwaardes nie nakom nie:
  - 9.1 Studies staak of,
  - 9.2 Nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie.
10. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
11. **Laat aansoeke** sal slegs aanvaar word met 'n skriftelike toestemming van die Studieleier. *Dien aansoekvorms so vroeg moontlik in vir tydige verwerking.*
12. Onvolledige aansoekvorms is ongeldig.

## B: NWU Nagraadse Akademiese Merietebeurs – Sluitingsdatum: 30 April 2023

Die NWU Nagraadse Akademiese Meriete Beurs is aanvullend tot alle nagraadse beurse en word op grond van goeie akademiese prestasie toegeken. Die NWU Nagraadse Beursskema en die NWU Nagraadse Cum Laude Merietebeurs is **TWEE afsonderlike** beurse met elk 'n eie aansoekvorm.

**R5 000 vir student met 'n minimum gemiddeld van 75%**

### Elektroniese aansoek:

- **NWU studente doen nie elektronies aansoek nie.** Die beurs word outomaties toegeken aan studente wat aan die kondisies voldoen soos uiteengesit.
- **Slegs studente vanaf ander Universiteite MOET aanlyn aansoek doen.** Hierdie studente moet die akademiese rekord van die voorafgaande kwalifiserende graad aanheg.

## Beursvoorwaardes

### Voltydse en Deeltydse studente kan aansoek doen:

1. Die beurs word as volg toegeken:
  - 1.1 Om te kwalifiseer, moet applikante die voorafgaande kwalifiserende graad met 'n gemiddeld van **75% (Cum Laude)** slaag.
  - 1.2 Beurshouers moet die nagraadse kursus binne die minimum grasietydperk, soos vasgestel deur die NWU Nagraadse beurskema, voltooi.
2. Die beurs is slegs beskikbaar aan studente wat vir 'n **eerste**, voorgeskrewe Honneurs graad of nagraadse kursus registreer. Studente wat as 'n geleentheid student registreer, kwalifiseer nie.
3. Die beurs word **slegs eenmalig in die eerste jaar** van die nagraadse kursus toegeken.
4. Die Akademiese Meriete Beurs vir:
  - 4.1 Geregistreerde **NWU-studente** word jaarliks outomaties bereken en toegeken. Geen aansoekvorm word ingevul nie.
  - 4.2 **Studente vanaf ander Universiteite** word nie outomaties bereken nie. Hierdie studente moet dus aansoek doen op die voorgeskrewe aansoekvorm (op die beurs webblad) en die **voorafgaande kwalifiserende rekord aanheg** voor of op die sluitingsdatum soos gespesifiseer. Sertifikate alleenlik is nie geldig nie.
5. Die beursbedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die voorwaardes nie nakom nie:
  - 5.1 Studies staak, of
  - 5.2 Nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie.
6. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
7. Laat aansoeke sal slegs met 'n skriftelike aanbeveling van die Fakulteit aanvaar word. Dien aansoekvorms so vroeg moontlik in vir tydige verwerking.
8. Onvolledige aansoekvorms is ongeldig.

Rig beursnavrae aan u kampus van registrasie:		
<b>Mafikengkampus</b> Navraagkantoor Tel: 018 389 2516/2646/2372 E-pos: <a href="mailto:MC-PostGradBurs@nwu.ac.za">MC-PostGradBurs@nwu.ac.za</a>	<b>Potchefstroomkampus</b> Navraagkantoor Tel: 018 299 2066/70/8/9 E-pos: <a href="mailto:PC-stydyfees@nwu.ac.za">PC-stydyfees@nwu.ac.za</a>	<b>Vanderbiljpark Kampus</b> Navraagkantoor Tel: 016 910 3157/3134 E-pos: <a href="mailto:VC-PostGradBurs@nwu.ac.za">VC-PostGradBurs@nwu.ac.za</a>
Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735 Gebou AF2, Kamer G07	Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520 Gebou F1, NAVRAE TOONBANKE 6-12	Posbus 1174, Vanderbiljpark, 1900 Gebou A1.